

Crossing the Borders of Power is ’n uitstekende boek uit ’n liberaal-demokratiese hoek, dekades ver oor die politiek van hierdie land. Die skrywer is ’n deurleefde politikus wat kán skryf, vertel en uitbeeld – of dit nou oor ’n mens, proses of gebeurtenis gaan; en sy onderstelling dra die eenvoud van groot kuns. Hy neem jou op sy onthoureis van seuntjie-wees in Pinelands, Kaapstad, oor en deur die politieke vlaktes en tunnels van sy tyd, tot sy tagtiger-aftreejare in die Kaap wat hy liefhet.

Vir kleinskool, ná sy pa se dood, is hy na sy oom se plaas by Hobhouse in die Vrystaat, waar hy Afrikaans geleer het en die lewe van die plattelandse Afrikaner ervaar het. Vir grootskool en student-wees het hy in die Kaap gebly; daarna word die leser sy soldaatmaat in Italië, al is jy ’n andersdenkende wat in die Tweede Wêreldoorlog (1939-1945), soos Pa, wou hê dat die Duitsers die *Ingelse* moes hel gee. Baie Boere het só gevoel, dit is in hulle siel en dit is jammer Eglin kyk nie in hierna nie, want dit is die hardekool van die ou politiek.

In sy politieke omgang het hy met gemak met Afrikaners in hulle eie taal verkeer, maar teen hulle apartheidsin het hy as liberaal skaars hond haar-af gemaak, tot skuins voor die einde, toe duisende Afrikaners self na ’n tuiste buite die Nasionale Party (NP) begin soek het – en in die nuwe bedeling in groot getalle in die Demokratiese Party (DP) en Demokratiese Alliansie (DA) opgegaan het. Vir hom is dit ’n oorwinning wat hy sonder vingerwys uitlig. Hy was meer as ’n halfeeu aktief in die politiek, van 1958 tot 2004, met 36-jaar as parlamentslid (LP), eers in Pinelands en toe Seepunt. Hy het die grootste deel hiervan in noue kontak met Helen Suzman, wat hy hoog as *g'n-nonsens* politikus ag, deurgebring. Hy het ses partye verteenwoordig, wat nie beteken dat hy ooit van een stel beginsels na die volgende rondgespring het nie – hy het deurgaans na die uitbreiding van liberale waardes gestreef. Dit is in sy bloed as politieke dier – Meneer Stroef (*Mister Gruff*), soos sommige hom genoem het, of Meneer Duursaam (*Mister Durable*), soos hy homself teen die einde van ’n onderhoud met *Die Burger* en *Beeld* gedoop het.

Sy politieke lewe oorspan dié van sy land uit 'n liberale hoek, en dit is jammer dat die nuwe bewind ou liberale politiek lig ag, indien dit hoegenaamd geag word. Hy het as LP begin toe die volksraad, soos hy dit stel, 'n brandpunt van debat en besluitneming was; hy het uit 'n nasionale vergadering getree wat op die oog af futloos was en waar toesprake afgelees is, maar hy glo dat demokrasie, waarvoor só baie geywer en gewerk het, sal wen.

Stroef soos hy ookal in die politiek was, skryf hy ontspanne en met gemak, én gevoelvol. Sy verhaal van Italiaanse partysane se Rooi Ster-brigade in die bergwêreld van Monte Solé is huilmooi; só is *So deep is the night* van Chopin uit 'n mondfluitjie op 'n donker skip pas voor die oorlog duskant Italië oor hom en die skip bars. “Só, dis oorlog!”, skryf hy in sy dagboek. “Dwarsdeur die doodsgedonder hoor ek die musiek van my liedjie” – soos dié van die orrel die aand met sy afskeid in Pinelands se kerk.

Hy is 'n meesterlike beskrywer van politieke drama, soos sy eerste verkiesing as LP in 1958; en aansluitend daarby sy, Suzman en ander se wegbreek uit die Verenigde Party (VP) in 1959 onder doktor Jan Steytler in die Progressiewe Party (PP), en die worsteling van enkeles; ook, lankal verwerplik, hulle strewe om die “Westerse beskawing” uit te brei onder alle “volke (*peoples*) van Suid-Afrika”; plus 'n gekwalifiseerde stemreg (om te verhinder dat die swartes oorvat).

Hy het 'n slag om mense met sy woorde te laat lewe, soos Helen Suzman – “Dank Vader, ek was aan Helen se kant!”; Ernest (Papa) Oppenheimer – “Daar is net twee maniere om geld met aandele te maak: deur jou kop te gebruik en jou sitvlak”. Ook Harry Oppenheimer, Zach de Beer, Frederik van Zyl Slabbert; wêreld- en Afrikaleiers; en Donald Woods van Oos-Londen se *Daily Dispatch*, wat jy leer ken as mens, nie as die politieke monster van die Natte en hulle SAUK-mondstuk nie.

Dit is ook goed om herinner te word dat dit in die PP-tydskrif *Deurbraak* was wat Schalk Pienaar in die 1970's van Suid-Afrika se inval in Angola gesê het: “Dit was 'n ligte *mistakie* aan ons kant” – 'n uitspraak wat, soos Eglin uitwys, in die pers en politiek gegons het en nou deel van die Afrikaanse woordeskat is (ek het dit as “*mistyk*”).

Hy het baie gereis en boodskappe van Afrikaleiers gebring: “Ons is nie teen wittes nie, maar teen apartheid”. In van die suidelike state van Amerika het hy erger haat by wittes jeens swartes as in sy tuisland aangetref; en in 1969 het hy met swart mag te doen gekry, waarna hy sou skryf: “*Black Power ... Black is beautiful ... It is not a party, it is a phenomenon ...*” Vandag lees en sien jy dit raak in Afrika, en jy wonder, maar jy lees ook van die Sharpeville-ses van 1988 wat apartheid in sy uiterstes bevat: politieke moord, doodstraf, 'n teregstellingsdatum, die pleidooi vir begenadiging soos Boere tevore begenadig is; Suzman wat instem om saam met Eglin na P.W. Botha te gaan, met wie sy 22-jaar lank nie gepraat het nie. Dit is 'n pragtige klein kortverhaal binne 'n woordeboek-vol politiek. Kom lees dit.

Dan is daar 2 Februarie 1990. Agttien jaar later praat F.W. de Klerk hondmaklik oor hoe hy daar gekom het; asof dit klinkklaar rondom 'n middagslapie presies 'n jaar tevore uitgedink is, want hy het al op 2 Februarie 1989, met P.W. Botha se uittrede as leier van die NP, geweet hy gaan dit doen, vertel De Klerk aan Pieter du Toit van *Beeld* op 2 Februarie 2008.

Plaas De Klerk met sy spraak en die land in die politiek ongetemperde toestand soos Eglin dit pragtig skilder. Hy het De Klerk as goeie debatteerder geken wat nooit sedert sy verkiesing as LP in 1972, ook nie in sy nege jaar as lid van Botha se kabinet, laat blyk het dat hy die potensiaal het om 'n inisieerder van verandering te word nie, laat staan hervormer te wees.

'n Dag tevore nog het Eglin tydens 'n middagete gesê dat De Klerk in sy rede die ANC behoort te ontperk, Mandela vry te laat, die Groepsgebiedewet te skrap en die politiek te begin normaliseer, maar, eindig hy, “ons is tevore in die steek gelaat. Moenie môre te veel van president De Klerk verwag nie”. Die UDF-skare op Groentemarkplein het niks verwag nie, skryf hy; dié was byeen vir optogte onder aartsbiskop Desmond Tutu en doktor Allan Boesak, met baniere wat uitgedaag het: “Ontperk die ANC”, “Bevry Mandela”, “Een mens, een stem”, en “Weg met die rasseparlement”.

'n Driekwartier voor De Klerk moes praat, het Peter Soal van die DP by Eglin op kantoor gekom en gesê, “Wil jy graag lees wat De Klerk aanstons gaan sê?” Soal het aan Eglin 'n afskrif van die toespraak gegee wat aan die pers met 'n verbod tot leweringstyd verskaf is. Tot Eglin se verstomming het die man wat hy nie kon peil as verlief of verkrampt nie, 'n rede gelewer wat die politiek fundamenteel sou verander. In die raadzaal het hy later geluister hoe die ANC ontperk word, en sou hy aan 29 Maart 1990 dink, toe die NP teen alle pleidooie en waarskuwings in, die ANC en PAC verbode verklaar en, soos hy sê, die doodskaart van apartheid onderteken het.

Ná De Klerk se lewering het Eglin 'n wyle agteroor in sy bank gesit, voordat hy na sy kantoor is waar hy die Hansard-debat van 30-jarige tevore gelees en aan die mense, stryd en rumoer in die land gedink het. Dit het hom met 'n diep historiese sin en genoegdoening vervul – hy het toe gepleit vir wat hier gebeur het.

Later het Tian van der Merwe namens die res van die DP-span by hom ingeloer en hom genooi om saam met hulle 'n kelkie sjampanje te drink. Dit was warm en winderig daardie Vrydag, 2 Februarie 1990, skryf Eglin; en soos ander het hy aanhou wonder hoe De Klerk sy ding gedoen gekry het, maar *newwermakend*, hy het dit reg gedoen – daardie datum sal belangrik bly. Los van wat Eglin skryf, sê jy al 'n lang ruk vir jouself: 2 Februarie 1990 het 'n *cliché* geword waarmee De Klerk se leie skoongevee word: sy ou apartheids- en sy na-apartheidslei, want (en nou praat Eglin weer) hoe ironies dat die man wat só om magsdeling geveg het, teen die einde van Junie 1996 homself en sy NP uit die Regering van Nasionale Eenheid onttrek het. Eglin het in die politiek gebly en by die Konvensie vir 'n Demokratiese Suid-Afrika (Kodesa), asook buite-om 'n groot rol gespeel om die bloedlose politieke revolusie op die spoor te hou of terug op die spoor te kry. As een van die baie vredemakers en vredehoeders aan weerskante van die draad het hy in 2004 met eer uit die stryd getree.

Dit is jammer dat hy die bosoerlog kwalik aanraak – juis nou dat dit, soos gebruiklik twintig tot dertig jaar ná 'n oorlog, so vóór in die gemoedere van duisende kom staan. Dit is deel van die storie van dié land, maar die bewindshoofde, só lyk dit, wil dit afpraat, wegpraat, doodpraat, met skande bedek en vergeet. Dit kan nie, want geskiedenis is onverganklik.

Book Feature

Dit is ewe jammer dat die politieke hervorming in Suidwes-Afrika (nou Namibië) ook nie aandag kry nie. Die politieke verloop daar was 'n voorspel vir wat in die heerserstaat langsaan gevolg het. Dirk Mudge, 'n oud-Nasionalis en Afrikaner tot in sy sole, het op uitnodiging soveel toesprake in Suid-Afrika kom hou, dat sy naam hier bekender geword het as dié van baie Suid-Afrikaanse politici. Wat hy gesê en wat in sy land gebeur het, het gehelp om die politieke gemoedere ingestel te kry. Drie weke ná 2 Februarie 1990, het Namibië onafhanklik geword.

Wanneer 'n mens hieraan dink, moet jy ook besin oor die rol van die Suid-Afrikaanse pers, hierin beperk tot Naspers, waaroor daar tans (vroeg in 2008) debat gevoer word. Eglin gee nie aandag aan die rol van die Afrikaanse pers in die politieke omgeswaai nie; en in die debat hieroor pas sy swye in by die demonisering van Naspers deur sommige; terwyl ander glo die pers het enorm gehelp om die klimaat vir hervorming gereed te kry.

Dit is onmoontlik om uitsprake te maak oor goed wat nie gebeur het nie, maar virtuele geskiedenis (skyngeskiedenis) laat jou toe om vrae te vra en moontlike antwoorde te kry: As dit gebeur het, of nie, dan kon ... Oor die omvang waarmee Naspers binne politieke perke en hooraftand van sy lesers gehelp het om die toneel vir 2 Februarie 1990 voor te berei, kan jy twis, maar jy kan nie ontken dat dit gebeur het nie. Lees byvoorbeeld F.A. Mouton se ondersoek hieroor.¹ Los van wat Mouton skryf, gestel Naspers het in die dertig jaar tot 1990 geen woord oor politieke hervorming of verandering gepubliseer nie? Gestel dit het vasgeskop by apartheid: “Hier trek die Boer die streep! Hier skiet ons!”? Dan was Suid-Afrika dalk in die bloedrevolusie wat hy vrygespring het; en bes moontlik ook in 'n onderlinge Boerestryd. Dan het 2 Februarie 1990, warm en winderig, gekom en gegaan. Dan het Eglin nooit te wonder gehad of F.W. de Klerk verlig of verkramp was nie.

At van Wyk
Pretoria